# Bybel Avonture vir Jong Lesers

LES 3



## My Vader in die Hemel

## Ek kan teks Lees

**"Die Here jou God is met jou .... Jy sal in sy liefde rus.**
**Hy sal sing en bly wees oor jou. "**
**— Sefanja 3:17**

## My Storie

Een aand het 'n verskriklike vuur uitgebreek in 'n woonstelgebou in 'n groot stad. Brandweermanne het gehaas na die toneel, met die hoop om die vlamme uit te blus voordat hulle na ander nabygeleë geboue versprei het. "Is almal uit die brandende gebou?" Het die brandweerhoof skreeuend gevra?

"Ek dink so," het een van sy brandweermanne geantwoord.

Net toe, hoor almal 'n geskreeu. Toe hulle opkyk sien hulle 'n klein meisie wat uit die tweede verdieping venster hang. "Help my, help my!" Het sy gehuil.

Sterk mans het posisie geneem onder die venster. "Spring in ons arms," het hulle geskreeu vir die dogtertjie. "Ons sal jou vang."

## *Hy het die brandweermanne gesien. Hy het die brandende gebou gesien.*

“Nee!" Het die bang meisie geskree. "Ek kan nie spring nie. Ek is bang. " "Wat gaan ons doen?" Het die brandweerman gewonder. "As sy nie spring nie, sal die vuur haar brand." Net toe, het 'n man langs die straat afgehardloop gekom. Hy het die brandweermanne gesien. Hy het die brandende gebou gesien, en hy het gesien hoe die dogtertjie uit die venster hang. Haastig hardloop die man na die sypaadjie onder die meisie, hy het vir haar geskree "Spring! Spring nou! " Die bang meisie het ophou skree en die vensterraam gelos. Af, af, af val sy, reg in die oop arms van die man. Saam het hulle af tot op die sypaadjie gegaan, terwyl hulle mekaar stewig vashou. Toe het die brandweermanne hulle weg gelei van die brandende gebou na veiligheid. "Hoekom?" Vra die brandweerhoof. "Hoekom het daardie dogtertjie geweier om in die sterk arms van die brandweer-manne te val, maar sy het nie twee keer gedink om in die arms van daardie een man te val nie? Wie is hy? ‘n Vrou wat daar naby staan, glimlag en wys. 'Dis die dogtertjie se pa. Nadat hy haar gevra het om te spring, was sy nie meer bang nie, omdat sy geweet het dat haar pa haar sou vang.”




**Merk die redes hoekom jy dink die klein dogtertjie so vinnig besluit het om uit die brandende gebou, tot in die arms van haar pa te spring. Jy mag meer as een antwoord kies:**

☐ Sy het geweet haar pa was ‘n kollege gegradueerde.

☐ Sy het geweet haar pa verdien baie geld by sy werk.

☐ Sy het haar pa vertrou.

☐ Haar pa het haar lief gehad.

☐ Haar pa was president van 'n maatskappy.


☐ Haar pa het haar altyd gehelp toe sy in die moeilikheid was.

Die Bybel sê vir ons dat ons 'n hemelse Vader het en dat ons Hom kan vertrou omdat Hy lief is vir ons en wil ons altyd help as ons in die moeilikheid is. Hy sal ons nooit alleen laat nie. Dit is baie goeie nuus! Kom ons leer meer oor ons hemelse Vader.

# My Bybel Avonture


God die Vader woon in die hemel en is so geïnteresseerd in ons dat Hy selfs weet hoe baie hare ons op ons kop het! Hy weet wanneer ons gelukkig is, wanneer ons hartseer is, en wanneer ons bang is. Hoe doen Hy dit alles?
Vind die volgende teksverse in die **BIBLIOTEEK**- gedeelte van hierdie les en trek 'n lyn van die woord wat God die Vader beskryf na die teks wat oor Hom handel. Kyk na die byvoorbeeld:

| | |
|---|---|
| **verander** | Levitikus 19:1, 2: **God is** |
| **altyd wees** | Johannes 3:16: **God is** |
| **betroubaar** | Psalm 90:2: **God wil** |
| **getrouheid** | Maleagi 3:6: **God sal nooit** |
| **heilig** | Jeremia 23:24: **God sien** |
| **alles** | 1 Johannes 1:9: **God is** |
| **liefde** | Exodus 34:6: **God het liefde en** |



## Pret Feite

***HOEVEEL HARE:***
*Die gemiddelde kopvel het 100,000 hare. Rooikoppe het die minste by 80000; bruin en swarthaar persone het ongeveer 100,000; en blondekoppe het die meeste by 120,000.*



MEOW!

*Daar is ongeveer 60.000 hare per vierkante duim op die rug van 'n kat!*



# My Gebed

**Dankie, Vader, omdat U my liefhet en genoeg vir my omgee om vir my te wil sorg, selfs as almal my verlaat en ek alleen is. U is 'n ware Vriend. Amen.**

## Biblioteek

- "Die Here het vir Moses gesê. Praat met die hele gemeente Israel en sê vir hulle: Wees heilig want Ek die Here julle God is heilig" **(Levitikus 19:1, 2).**
- "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigeste Seun gegee het " **(Joh 3:16).**
- "Ja U is God, van ewigheid tot ewigheid is U God **(Psalm 90:2).**
- "Ek die Here, het nie verander nie" **(Maleagi 3:6).**
- "'Niemand kan in 'n geheime plek wegkruip sonder dat ek Hom sien nie, sê die Here. Ek is oral in die hemel en op die aarde" **(Jeremia 23:24).**
- "Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons sondes" **(1 Johannes 1:9).**
- "Ek, die Here is die barmhartige en genadige God" **(Exodus 34:6).**

## My Vriend Ellen Skryf

***"[Jesus] het God as 'n liefdevolle vader openbaar, nie as 'n wraakgerigte regter nie. Hy het almal, hoog en laag, ryk en arm, na Hom getrek om God in Sy ware karakter te sien, en hulle gelei om Hom te noem deur die innemende naam, 'Ons Vader' '(Review and Herald, 5 Maart 1901).***

Miskien het jy nie 'n pa hier op aarde nie. Miskien het hy gesterf of weggetrek. Maar, Die goeie nuus is dat jy 'n hemelse Vader het wat jou baie liefhet!

### Pret Feite

***VADERSDAG:***
*Die das is die mees tradisionele en beroemde Vaderdaggeskenk dwarsdeur* die wêreld. Die eerste Vadersdag is aangekondig en gevier op 19 Junie 1910, in Spokane, Washington.

### Muntstuk vir jou gedagtes

**Wat beteken dit vir jou om 'n hemelse Vader te hê?**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________